

INHOUDSOPGAWE

Help, ek voel niks
nie 1

Stil! Die Here kom! 5

Die gawe van gee 6

Genesing volgens
Johannes 8

Geen Christelike
lewe sonder die Ou
Testament nie 11

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

HELP, EK VOEL NIKS NIE

J Borgdorff

In hierdie artikel wil ons aandag gee aan die vraag: hoe ervaar ons ons kindskap van God? Hoe voel dit vir jou? Dit gaan dus oor geloof en gevoel.


Het jy God lief?

Ek het onlangs katkisasie oor die tweede gebod aangebied aan 'n groep veertienjariges. Die vraag het toe aan die orde gekom: hoe dink jy oor God? Watter beeld het ons van Hom? Ons bely almal dieselfde: ek glo in God die Vader. Ons bid almal met dieselfde woorde: ons Vader, wat in die hemel is. Maar dink ons dan ook dieselfde? Voel ons ook dieselfde? Of is daar onderling groot verskille waarvan ons meestal nie eers bewus is nie?

Ek het toe met die vraag begin: het julle jul Vader in die hemel lief? Vir almal was die antwoord so te sê 'n vanselfsprekende 'ja'. Die antwoord is voor die hand liggend, want enigiemand op daardie leeftyd sal weet dat jy hierdie antwoord behoort te gee. Of jy dit ook so voel, kom by so 'n antwoord nouliks aan die orde. Jy kan mos nie sê dat jy God nie liefhet nie!

Wanneer het God jou lief?

Hierdie eerste vraag was eintlik maar net die aanloop na die volgende een:



wanneer het God jou lief?

Toe kom daar allerhande antwoorde na vore: as jy na Hom luister (gehoorsaam is), as jy sy wet onderhou, as jy veg teen jou sonde, as jy vergewing vra, as jy goeie werke doen, as jy kerk toe gaan, gereeld bid en in die Bybel lees. Hierdie antwoorde het ek sonder kommentaar op die bord geskryf en dadelik die volgende vraag gestel: wanneer het God jou nie lief nie? Dit sal 'n mens nie verbaas dat daar toe presies die teenoorgestelde opmerkings gemaak is nie. Ook hulle is genoteer en daarop het die laaste vraag gevolg: wat dink jy nou eintlik, het God jou lief of nie? En om dit vir hulle bietjie makliker te maak, kon hulle kies uit 5 antwoorde:

1. God het jou altyd lief;
2. God het jou meestal lief;

3. God het jou soms wel en soms nie lief nie;
4. God het jou baie keer nie lief nie;
5. God het jou glad nie lief nie.

'n Drietal het die eerste antwoord gekies (moontlik onder invloed van enkele preke wat ek onlangs oor God se onvoorwaardelike liefde gehou het). Vier het gekies vir antwoord 2, vyf vir nommer drie en een het vir antwoord 4 gekies.

Die konklusie t.o.v. die tweede gebod (ons beeld van God) was duidelik: ons sê wel almal dieselfde, maar tog is ons beeld van God verskillend. Jy sou kon sê dat daar onder die dertiental katkisanter ten minste vier verskillende godsbeelde blyk te wees.

Wat van jou ouers?

Op sigself beskou was dit vir die meeste al 'n hele ervaring om die teenstelling te ontdek: jy sê wel dat jy God liefhet, maar jy is nie altyd seker of Hy jou wel liefhet nie. Ons het nog 'n rukkie verder hieroor gepraat.

'Ek is bly julle praat so reguit, eerlik hieroor. Sou julle kans sien om ook reguit te antwoord op nog 'n persoonlike vraag - somer so in mekaar se teenwoordigheid? Wat van jou ouers? Is jy lief vir jou pa en ma?'

Dit is ook so 'n tipe vraag waarop mens nie maklik nee kan sê nie. Maar hulle het darem iets geleer uit die vorige vraag, want hier en daar kon mens tog 'n bietjie weifeling agterkom. En dit moet ons nie verbaas nie, want Pa en Ma moet ook dikwels teen die wil van hul kinders ingaan. In elk geval, almal het opnuut met 'ja' geantwoord.

En toe volg ek natuurlik met die vrae: wanneer het jou ouers jou wel lief? En wanneer het hulle jou nie lief nie? Daar was klein verskille in die antwoorde, maar almal het omtrent dieselfde gesê: dit is afhanklik van jou gedrag. Wat jy

doen of nie doen nie is bepalend vir die vraag of jou ouers lief is vir jou. En toe ek daarna gevra het of hulle dink dat hulle ouers hulle liefhet (met dieselfde 5 moontlike antwoorde as hierbo aangegee), was die uitslag amper identies as die uitslae van die eerste rondte (of God van jou hou).

Hoe voel dit?

Op sigself beskou is dit niks nuuts dat die beeld wat ons van ouers het, baie invloed het op die beeld wat ons van God het nie. Sowel die manier waarop ons oor Hom dink, as die wyse waarop ons Hom ervaar.

**In die gelykenis van die verlore
seun ontmoet ons dus die nooit-
ontdekte-vader**

Watter gevoel gaan gepaard met die gedagte dat jou ouers jou eers liefhet, as jy dit op een of ander manier verdien? Dié gedagte maak kinders vanselfsprekend onseker. Want wanneer doen jy nou iets regtig goed? Wanneer is dit genoeg? Wanneer is jy lief of gehoorsaam genoeg om seker daarvan te wees dat hulle jou liefhet? Wat is die grens van ongehoorsaamheid om tog nog te kan dink: hulle is darem seker nog so 'n bietjie lief vir my? Jy sal bowendien op dieselfde manier na die ander kinders in die gesin kyk: wanneer kry hulle aandag of waardering, of straf? Want daarvan kan jy ook leer hoe dit wel of nie moet wees nie. En dit kan soms weer lei tot onderlinge wedywering of jaloesie, sowel by die huis as by die skool.

Hoe meer ek daarvoor met kinders en met ouers praat, hoe meer word dit duidelik dat liefde en aanvaarding dikwels aan voorwaardes gebind is. Ek het jou lief, ek aanvaar jou as jy aan my verwagtings voldoen. Dit is die sein wat kinders,

Geloof word altyd sigbaar in die hele persoonlikheid.

- DM Lloyd Jones

sels die kleintjies, voortdurend opvang. Dit is die sein wat ouers dikwels ook uitstuur. Jy moet presteer om aanvaar te word. Jy moet voldoen aan 'n aantal (soms uiterlike) kriteria om in te pas, om byvoorbeeld deur ander as 'n goeie Christen gesien te wil word. Maar die regte gevoel oor liefde ontbreek nog baie keer. Dit kan lei tot 'n lewe wat in een sin kernagtig saamgevat kan word met: ek het alles, maar ek is nie gelukkig nie. Of: ek doen baie, soms meer as wat ek kan, maar dit gee my nie 'n gevoel van vrede nie.

En wat van God?

Watter gevoel maak dit by jou wakker om te weet dat God jou Vader is? Maak dit jou regtig bly? Is dit vir jou heerlik om Sondae na Hom toe te gaan? Verlang jy daarna om met Hom in gebed te wees? Die antwoord op hierdie vrae het baie te doen met die antwoord op die ander vraag: wanneer het God my lief? Want as jy op daardie vraag nie met volle oortuiging kan antwoord: 'altyd, want ek is sy kind!' nie, dan kan dit nie anders nie: die onsekerheid sal jou hele lewe met Hom beïnvloed. Gestel jy sou dink: God het my nie lief as ek sonde doen nie. Dan het jy 'n groot probleem. Want wanneer doen jy nie sonde nie? Ons bely in ons Kategismus dat selfs ons beste werke in hierdie lewe onvolmaak en met sondes besmet is (antw. 62). Dan gaan dit dus nie oor daardie begeertes, oor daardie woorde en dade, waarvan ons self maar al te goed weet dat hulle sondig is nie. Maar dit praat oor die mooiste oomblikke uit my lewe, my vroomste gedagtes, die dinge waarop ek menslik gesien, trots op mag wees. Ook dit is onvolmaak en met sondes besmet. Dan sou God jou



in hierdie lewe dus nooit regtig kan liefhê nie. Solank as wat ons dink dat ons iets moet doen om deur God aanvaar te word, dan kan die emosionele band met Hom nie groei nie. Want op hierdie voorwaardelike basis kan geen werklike vertroue groei nie. En die gevolg is dat ons altyd in 'n verstandelike tipe stryd bly:

Ek mag nie twyfel nie. God se woord is waar, God se beloftes is betroubaar. Die Here Jesus het vir al my sondes gesterf. Ek is mos gedoop? Dan weet ek tog immers dat ek God se kind is? Dit moet genoeg wees. Ook-

sonder dat ek daarby iets voel.

Maar die hartseer is dat die gevoel in ons verhouding met God geen egte plek kry nie.

Die verlore seuns

In die gelykenis van die verlore seun (Lukas 15: 11-32) vertel die Here Jesus ons iets oor die aard van God se Vaderliefde. Dit is goed om sorgvuldig te luister na wat Hy ons leer. Want verstaan ons altyd die betekenis van hierdie bekende gelykenis? Die grootste misverstand skuil al in die gelykenis se naam: *die* verlore seun. Daarby sou jy al die vraag kon stel: Watter een van die twee was nou eintlik die verlore seun? Want die gelykenis begin met die woorde: 'n vader het *twee* seuns gehad. Net hieroor sal dit al 'n idee wees om eerder te praat van die gelykenis van die twee verlore seuns.

In die verband van hierdie artikel wil ek wys op twee aspekte: Hoe die seuns oor hulle vader dink en die manier waarop die vader na sy kinders kyk. Eers die twee seuns. Ondanks die groot onderlinge verskil is daar 'n sterk

Om deur geloof te leef het altyd baie meer sekerheid en blydschap as om deur werke te leef.

- CH Spurgeon

ooreenkoms te sien in die manier waarop hulle na hulle vader kyk. Die jongste dink in die dieptepunt van sy ellende: Ek sal opstaan en na my vader gaan en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u. *Ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie, maak my soos een van u huurlinge.*

Want sy vaderliefde is nie afhanklik van wat die seun alles aangevang het nie. Hy is vader, omdat Hy vader is.

Die oudste seun sê in sy kwaadheid oor die fees wat sy vader vir die jongste wil hou: Ek *dien* u so baie jare en ek het nooit u *gebod* oortree nie. Beide seuns het dus blykbaar altyd gedink dat hulle dit op een of ander manier moes verdien om sy kind te mag wees. Die jongste het gevoel dat hy, toe hy nog (gehoorsaam) by die huis was, deur sy gehoorsaamheid dit self verdien het om kind te wees. Die oudste het sy vader altyd beskou as werkgewer. Hy het hom moontlik elke dag afgesloof en gewerk en gewerk en gewerk tot hy omgeslaan het. Dit het hy blykbaar nodig gehad om as kind deur sy vader aanvaar te word. Nooit het hy een gebod oortree nie. Hoe is dit moontlik?! Dit moes baie moeite gekos het! Die ontstellende ooreenkoms is hierdie: nie een van die twee kan hulle voorstel dat hulle 'n vader het wat hulle onvoorwaardelik liefhet, wat gewoonweg van hulle hou, omdat hulle sy seuns is nie.

Die vader

In die gelykenis ontmoet ons dus die nooit-ontdekte-vader. Dit terwyl die vader hom teenoor beide seuns duidelik as vader laat ken. Toe die jongste nog ver van sy ouerhuis was, blyk die vader op die uitkyk vir hom te wees.

Sodra die seun binne sig kom, lees ons dat sy vader hom sien *en innig jammer vir hom gevoel het*. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom hartlik. Opvallend is dat ons nie 'n woord van verwyte lees nie. Die vader vra nie: wat het jy aangevang, of: wat het van al die geld geword nie. Hy sê ook nie: ai seun, as jy net geweet het wat jy my aangedoen het nie. Niks van dit alles nie. Vader laat kom die beste kleded, 'n ring en skoene en gee opdrag om die vetgemaakte kalf te slag. Want sy vaderliefde is nie afhanklik van wat die seun alles aangevang het nie. Hy is vader, omdat Hy vader is. In watter toestand sy kind ook al by die huis aankom, sê hy dat die seun sy kind is! Welkom tuis! Ek is so bly jy is terug!

Dieselfde houding toon die vader as die oudste seun kwaad buite bly staan het. Dan is daar nie 'n afwagter, voorwaardelike houding wat sê: kom binne sodra jy jou slegte bui afgeskud het, dan sal ons verder praat nie. Nee, as die oudste seun nie wil ingaan nie, dan kom die vader buitentoe. In 'n paar woorde laat hy agterkom dat hy nie 'n werkgewer is nie, maar vader is. En ook nog altyd was. Kind, jy is altyd by my. Jy mag nog altyd my kind gewees het. Jy mag gebruik maak het daarvan. Al wat myne is, is joue. Jy sou enige tyd saam met jou vriende kon fees gevier het, sonder dat jy dit eers self verdien het. Jy sou kon feesgevier het bloot omdat jy my kind is. Kom binne by jou vader, wat op dieselfde manier ook die vader van jou broer is.

Ons Vader

Op hierdie manier wil die Here Jesus ons leer dat ons Vader in die hemel ons werklik lief het. Paulus skryf in Rom 5: 8: 'Maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het *toe ons nog maar sondears was.*' Juis met hierdie onvoorwaardelike liefde wil God in ons hele lewe, sowel as in ons denke as in ons

'n Pa se heilige lewe is 'n ryk erfenis vir sy kinders.

- CH Spurgeon

gevoel, kinderlike wederliefde wek. Hy wil die diepe oortuiging by ons wek: Hy is my Vader, nie

omdat ek dit verdien nie, maar 'bloot' omdat ek sy kind mag wees!

STIL! DIE HERE KOM

BC Buitendijk



Dies irae

Dies irae, dies illa...

Die dag van wraak, daardie dag!

Aandagtige stilte

Die 'dies irae' is ontleen aan Sefanja 1:15 en 16.

Die dag is 'n dag van grimmigheid,
'n dag van benoudheid en angs,
'n dag van woestheid en verwoesting,
'n dag van duisternis en donkerheid,
'n dag van wolke en wolkenag,
'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu
teen die versterkte stede en teen die hoë
hoekvestings.

In Sefanja se tyd het die mense die dag van die Here na die verre toekoms uitgeskuif. Dit het mos goed gegaan? Daar was welvaart. Aan God word nie gedink nie. Hoekom sou Hy Hom met hulle bemoei? Hy doen geen goed en Hy

doen geen kwaad nie. Hy doen niks nie. Hulle het Hom nie nodig nie. Hulle vrees Hom nie eers meer nie. Hoekom sou hulle? Hulle kan hulle eie sake reël, op hulle eie manier. God gryp tog nie in nie.

So het hulle altans gedink. Maar die profeet kondig aan dat God binnekort sal ingryp. Hy is baie beslis daar! Hy laat Hom nie negeer nie. Die dag van die Here is naby! Stil! Swyg voor die aangesig van die Here HERE!

Stil! Weet verseker dat die Here kom!

Stil! Aandag vir die Dag van die gerig. Dit beteken: ondergang.

Huiwerende stilte

Hulle was baie besig met hulle eie dinge. Hulle wou hulle welvaart geniet. Hulle was daarop geregtig, dit was welverdiend. Vir God het hulle geen tyd gehad nie. Nie eers aandag daaraan geskenk nie.

Stil! Beef voor die aangesig van die Here. Jam nou kon hulle nie meer 'n woord uitkry nie. Hulle was met stomheid geslaan. Die oordeel gaan hulle tref. God se gerig oor Israel. Hulle het daarmee nie rekening gehou dat die Here teenwoordig is nie. Daarom gaan Hy hulle straf. Dadelik.

So iets is baie ontstellend. Ook vir die mens vandag.

Destyds het hulle grootmond en selfversekerd

Die egte toets vir ons Christenskap is nie hoe vroom ons kan lyk by die Nagmaalstafel nie, maar hoe ons optree by die ontbyttafel tuis.

- V Havner

geleef asof God nie bestaan het nie. Totdat Hy gekom het. En toe weet hulle nie meer wat om te sê nie. Hulle het niks meer gehad om te sê nie.

Om stil van te word

Die dag van die Here is die dag van oordeel! Dit mag ons nooit vergeet nie. Ons is gewaarsku. Ons mag nie leef asof Hy nie daar is nie. Ons kan die dag van Christus se koms nie vorentoe, uitskuif nie. Hy kom. God sal Hom laat geld. Hy is daar. Hy kom ook in Sy toorn: "Dan sal hulle vir die berge sê: Val op ons! En vir die heuwels: Bedek ons!" (Luk 23:30) Eerder dat die berge op ons val as dat ons die groot Dag beleef.

Maar vir die wat hulle heil by die Here Jesus soek, is geborge as God se toorn ontbrand.

Die dag van die Here is die dag van oordeel! Dit mag ons nooit vergeet nie.

Want God het die oordeel op Hom laat neerkom. Die kruisigingsdag was vir Hom 'n dag van algehele verlatenheid. 'n Dag van benoudheid. 'n Dag van angs en duisternis.

As ons by Hom skuil, dan het ons rus.

DIE GAWE VAN GEE

JH Velema



'n Vermaarde predikant het by elke beroep aan die kommissie 'n standaard vraag gevra: Het julle in julle gemeente geleer om te gee? Dikwels begin die broeders dan huiwerig oë

knip, en dan weet hy waar hulle staan.

Dis 'n mooi vraag, want jy moet leer om te gee. Almal wil graag hulle geld en goed vashou. Hulle behoort tot die drie-h's: haal, hê en hou.

Om te kan gee, moet jy liefde hê; liefde vir iemand aan wie jy gee, of liefde vir die doel waarvoor jy gee. Gee moet nie gedwonge wees nie, maar vrywillig. Wie gedwonge gee, gee nie werklik nie, maar doen 'n plig, miskien selfs met innerlike weerstand. Gee mag nie 'n doel in sigself word nie, dit moet steeds 'n middel bly.

Om te kan gee is 'n gawe en genade. Die vraag is nie hoeveel of hoe min ek gee nie, maar met watter gesindheid ek gee.

Paulus het eens geskryf: "God het 'n blymoedige gewer lief" (2 Kor. 9:7).

Ek ken miskien nie die weg waarop Hy my lei nie, maar ek ken my Leidsman. Waarvoor hoef ek dan bang te wees?

- M Luther

Wil u weet van wie alleen ons kan leer om te gee? Van Hom wat die dierbaarste wat Hy het, gegee het as waarborg dat Hy ons alles gee wat ons nodig het.

Dit is immers die kerninhoud van Romeine 8: 32: *“Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?”*.

Dit gaan hier inderdaad om die gawe van gee. God gee: oorvloedig, sonder beperking, sonder om iets terug te hou. Net van Hom kan ons leer om te gee. Sonder Hom is ons gee 'n daad van 'mensliewendheid' — prysenswaardig, maar sonder dat die hart daarin spreek — of onder dwang om te presteer of om iets meer terug te ontvang.

Sy gee laat lewe. Daarom is die grond van die Christenlewe 'n lewe uit gawes.

God gee nie so nie; Hy gee uit liefde alleen. Sy gee beteken ons behoud. Sy gee is deel van sy heilsplan met 'n verlore wêreld.

Sy gee laat lewe. Daarom is die grond van die Christenlewe 'n lewe uit gawes. Wie *dít* nie leer nie sal nie kan, ja, sal selfs nie wil gee nie.

Om te gee is daarom 'n guns en 'n kuns. Dit is 'n guns om geleer te word om te gee. As sondige mense wil ons immers al te graag na ons toe inhaal — hoe meer, hoe beter. Net deur genade leer ons om te gee, omdat die Evangelie ons geleer het dat ons gered word net deur die gawe van God.

Terselfdertyd is dit 'n kuns om te gee — verantwoordelik gee, selfverloënd gee en met vreugde gee. Dán word mens deur te gee nie

armer nie, maar ryker. Vir iemand wat gee nie as 'n gawe sien nie, is dit onbegryplik, en dan bly gee 'n verlies. Hy wat die kuns van gee verstaan, weet van beter. Hy is dankbaar dat hy kan gee en dat hy mag gee. Dit kom op die hand én die hart aan. Die gawe is van die hand, maar die gesindheid setel in die hart. Dit is deurslaggewend.

Waarom soveel aandag aan die gee? Omdat hierin iets uitkom van die egtheid en die geloofwaardigheid van Christenwees.

Kan jy iets gee? Is jy bereid om iets te offer vir iemand anders of vir 'n goeie saak — of word daar altyd verniet op jou 'n beroep gedoen? Ons dink dikwels ons verontskuldiging is so eg en geloofwaardig — want wat het ek eintlik om te gee? Dit is nie wat die arm weduwee, wat slegs twee geldstukkies in die tempelskatkis gegooi het, gesê het nie. Jesus sien haar en sê dat sy meer ingegooi het as al die rykes wat baie in die skatkis gegooi het. Die rykes voel nie dat hulle iets gee nie. Dit was nie 'n offer nie. Die weduwee het, toe sy haar gawe ingooi, 'n offer gebring.

Ons is gelukkige mense wanneer ons kan gee!

Ons dominee van hierbo het dit goed raakgesien: 'n gemeente wat nie geleer het om te gee nie, verstaan nie die grond van die evangelie van God se genade nie. Die stand van ons geloofslewe kan gelees word aan die maat waarmee ons gee.

Dit is nodig om dit deeglik in die praktyk toe te pas. Ons moet dit aan ons kinders — as hulle vir ons gegee is — leer dat hulle mag gee; gee uit ons oorvloed aan mense wat onvoorstelbaar slegter daaraan toe is as ons.

Om te kan gee én om te mag gee, is 'n gawe!

Hy wat nie God vrees nie, het rede om alle ander dinge te vrees.

- Anon

GENESING VOLGENS JOHANNES 9

Harmannij



Die teks is bekend: Jesus en sy dissipels bly staan by 'n man wat van sy geboorte af blind is. Die dissipels het klaar 'n oordeel gevel en vra: *"Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?"* Maar Jesus verras hulle met sy antwoord en sê: *"Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word."*

Hierdie teks word baie aangehaal om aan te toon dat 'n mens versigtig moet wees om 'n verband te trek tussen siekte en sonde. Dit is ook tereg. Maar jy moet ook oppas om dit nie eensydig te benader, asof daar glad nie 'n verband sou wees tussen siekte en sonde nie. Die Bybel sê baie duidelik, dat daar beslis 'n verband bestaan: Sonder sonde sou daar nie siekte in hierdie wêreld gewees het nie. Van siekes word ook gepraat as 'deur Satan gebind'

wees (Luk. 13:16) en genesing wat Jesus gee word waarlik as bevrydend beleef. 'n Bepaalde siektetoestand kan ook die gevolg wees van 'n bepaalde sonde. Dit staan nie slegs in die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe Testament (bv. Hand. 13:11).

Johannes 9 maak duidelik dat laasgenoemde nie altyd geld nie. Daarom het ek nie die reg om 'n siek persoon te veroordeel as 'n spesiale sonde nie. Dit is beter om by jouself, wanneer jy 'n slag griep kry of iets dergeliks, selfondersoek in te stel en te vra: "Hoe het ek geleef?". Was ek te veel besig met sake wat nie die moeite werd was nie en het ek as gevolg daarvan die dinge wat werklik waarde het uit die oog verloor? Om by voorbaat 'n ander persoon oor sy siekte te veroordeel, is nie reg nie.

Vraagtekens

Dit sou baie jammer wees as dit die enigste les is wat ons uit Joh. 9 wil leer. Ons sal dan net soos die dissipels wees, wat ook nie geweet het wat meer om te vra as slegs na die verband tussen siekte en sonde nie. Maar Jesus kyk verder: *'die werke van God moet in hom openbaar word'*.

Dit is 'n uitspraak wat jou aan die dink sit. Eers is jy bly dat Jesus opstaan vir hierdie man - hy word nie van 'n spesifieke sonde beskuldig nie. Hierdie blinde man het ook 'n plek in die grootmaak van God se naam. Tog is daar nog vrae: As daar dan nie 'n spesifieke sonde was nie, is dit dan regverdig dat God hom lewenslank die lig ontnem? Watter besonderse 'werke van

Geloof is die silwer draadjie waarop die pêrels van genade geryg word.

- CH Spurgeon

God' is dit dan, dat dit die moeite werd is om iemand die lig te ontnem?

Dit is nie voldoende om net te verwys na die genesing wat hierna gaan plaasvind nie. Want indien dit so sou wees, sou God vergelyk kon word met 'n brandweerman wat self eers 'n brand stig, om dit daarna weer te blus. God sou dan iemand blind maak, om te bewys hoe goed sy Seun blindes kan genees. Maar gaan dit werklik net hieroor, wanneer dit oor die werke van God gaan?

Daglig

Uit die hele Johannes-evangelie blyk dit dat daar inderdaad méér gaande is. Johannes gee nie baie detail oor die wonderwerke van Jesus nie. Wanneer hy dit wél doen, is daar meestal 'n bepaalde les wat hy vir die mense wil leer. In hoofstuk 5 is daar bv. die eerste genesing op 'n Sabbat, van 'n man wat al 38 jaar in Betesda gelê het. Daarna volg die gesprek oor die gesag van Jesus, Seun van God. In Hoofstuk 6 lees ons eers van die wonder van die vyf brode, wat genoeg blyk te wees om 5000 mense mee te voed, waarna die onderwysing volg dat Jesus self die lewende Brood uit die hemel is.

Ons tref iets dergeliks in Johannes 9 aan. Nie dat die genesing van die blinde gevolg word deur 'n uitgebreide preek nie. Inteendeel, dit word 'n uitgebreide verslag van die verwarring wat as gevolg van hierdie genesing ontstaan, met net enkele opmerkings van Jesus aan die begin en die einde.

Die opmerkings van Jesus is wel uiters leersaam, want dit gaan oor 'lig' en 'sien'. In vers 4 en 5 noem Jesus homself die Lig van die wêreld, waardeur die tyd dat Jesus hier op aarde was, as 'dag' aangedui kan word: ure, waarin daar genoeg lig was om te kan werk. Omdat dit lig is, kan jy sien wat jy doen. In die donker is jy

soos 'n blinde: in die Lig van Jesus kan jy sien wat jy moet doen.

In vers 39 werk Jesus dit uit na twee kante toe. Hy sê: *"Tot 'n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word."* Laasgenoemde kan dus ook gebeur, sodat jy deur jou ongelowige opstandigheid teen Christus die regte insig verloor. Wie Sy lig verwerp, beland in die donker. In verband met hierdie verhaal dink ons gou genoeg aan die Fariseërs. Hulle voel ook dat hulle aangespreek is en sê: *"Is ons dan ook blind?"* Jesus huiwer nie om te antwoord nie en sê: *"As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde"*.

Dit is onverstandig om by siekte net te vra vir genesing. Want wat maak 'n sondige mens nou met soveel nuwe kragte?

Dit is duidelik dat Jesus meer wil bereik as net dat ons oë goed moet funksioneer. Hy wil ook hê dat ons moet begin om ons oë goed te gebruik, om in te sien wat hier gebeur en so te ontdek wie Jesus werklik is.

Donkerte

Wat ons sien in die verhaal van Johannes 9 is 'n blinde man, wie se oë oopgaan vir Jesus as vervulling van die Woord van God. Alhoewel hy dit nie dadelik besef het nie, word hy nogtans genees, nie uit geloof nie, maar omdat Jesus en sy dissipels hulle oor hom ontferm het. Eers aan die einde het hy verseker geweet: Die Man wat my gesond gemaak het, is meer as net 'n "toordokter". Hy is die Here aan Wie ons ons gelowig kan toevertrou.

Hulle wat wonders nodig het, is mense van 'n klein geloof.

- J Hus

Tegelykertyd ontdek ons dat die Fariseërs dit nie wil sien nie. Hulle ondervra die man tot twee maal toe om vas te stel wat gebeur het. Ook sy ouers word as getuies nader geroep. Selfs toe daar reeds duidelikheid oor die gebeure was, gedra hulle hul soos mense wat nog in die donker bly rondtas. *"Ons weet dat God met Moses gespreek het; maar wat Hom betref, ons weet nie van waar Hy is nie"* (vers 29). Die man wat blind was, is verbaas hieroor en sê: "Hierin is tog iets wonderliks dat julle nie weet van waar Hy is nie, en hy het my oë geopen!" Waarom dan nie glo nie, wanneer jy duidelik kan sien, dat God hier aan die werk is. Jy is mos nie blind nie! Jesus het ook gesê: "As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde."

Die werke van God

Ons wat dit alles nou gesien het, kyk nou ook met ander oë na vers 3: *"Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word."* Jy kan breedvoerige gesprekke voer oor die oorsaak van jou kwale, sonder om iets daarmee te bereik. Jesus doen meer. Hy werp lig op die werklike oorsaak van ons probleem (dit is die mens wat niks met God te doen wil hê nie) en Hy wys aan ons die pad wat God wil gebruik om ons te bevry, naamlik: dat ons ons oog weer vestig op die Seun, deur Wie God lig skenk in 'n donker wêreld.

Dit is genesing volgens Johannes 9: Nie slegs dat die blinde oë oopgaan nie, maar dat die mens deur oop oë mag ontdek watter groot werke God deur sy Seun doen.

Totale pakket

Jesus maak nie 'n teenstelling tussen sien met 'liggaamlike' oë en die 'geestelike' sien, asof die 'liggaamlike' genesing slegs bysaak sou wees

nie. Die een hoort by die ander: Omdat God se werke openbaar moet word, word die blinde se oë geopen.

Maar die ander kant geld dan ook: Wanneer iemand nie God se werke wil sien nie, het hy die reg op goeie oë ook verloor. In vs 39 staan geskrywe: *"Tot 'n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word."* Jesus bring lig vir verblinde mense. Wie dit nie wil sien nie, mag ook nie meer sien nie.

Hier gaan dit oor die 'totale pakket': God gee ons 'n geskenk dat ons oë het om te kan sien, én stel die eis dat ons die oë gebruik om God te sien, soos wat Hy Homself openbaar deur dit wat Hy doen.

Nie slegs dat die blinde oë oopgaan nie, maar dat die mens deur oop oë mag ontdek watter groot werke God doen.

As gevolg van sonde is die totale pakket nou bedorwe. Die mens wil nie meer vir God sien nie, maar het homself oorgegee aan die 'begeerlikheid van die oë' (1 Joh. 2:16). God tree op en verblind hulle. Daarom is hier so baie blinde mense op aarde. Hulle het nie gesondig, of hulle ouers nie, maar ons het. Hul blindheid is 'n aanklag teen die mense wat vervulling soek in 'n kyk-kultuur sonder God.

Jesus het egter gekom om die totale pakket te herstel: Hy maak oë gesond én rig hierdie oë weer op die lig van God.

Hierdie twee elemente staan nie los van mekaar nie. Dit is onmoontlik dat mense, wanneer hulle tot geloof kom, vir altyd blind sal bly. Hul oë moet oopgaan, sodat hulle vir ewig hul Heiland mag

Geloof kan rus vind in daardie dinge wat dit nie verstaan nie.

- J Owen

aanskou. Verder is dit net so onmoontlik dat mense wat Jesus Christus ignoreer, vir altyd goeie oë sal hê. Vir hulle wag die ewige duisternis!

Siekte en sonde

Dit is onverstandig om by siekte net te vra vir genesing. Want wat maak 'n sondige mens nou met soveel nuwe kragte? As God jou nie keer nie, werk jy jousef ten gronde. Dit is beter om te vra vir die totale pakket van die komende

Koninkryk: Die Gees van Jesus Christus wat die totale mens genees van siekte en van sonde.

So kry ons dan weer die verband tussen siekte en sonde. Dit is inderdaag so: die een veroorsaak die ander. Daarom kan die een nie verdwyn sonder die ander een nie. Eendag sal ons van albei kwale bevry word: Wanneer Jesus Christus kom! In Hom sien ons God se groot werke, wanneer ons vir altyd van alle kwaad genees sal wees.

GEEN CHRISTELIKE LEWE SONDER DIE OU TESTAMENT NIE

ALT de Bruijne

Onlangs was daar 'n debat waarin die stelling verdedig is dat die Nuwe Testament genoegsaam sou wees vir 'n Christelike lewe. In hierdie artikel word beweer dat 'n mens juis die Ou Testament nodig het. Dit word dan ook konkreet ingevul. Watter onderdele van 'n Christelike lewenstyl sou gemis word as die Ou Testament eenkant toe geskuif word?

Teenstelling

Die feit dat die Ou Testament as minder belangrik beskou word, is nie 'n verrassing nie. Al hoe meer Christene sien 'n teenstelling tussen die Ou en die Nuwe Testament. Die Ou Testament was vir Israel; die Nuwe Testament is vir die kerk. Daarby is daar toenemend weerstand teen die wet. Christene het mos niks te doen met die wet van Moses nie, maar met Jesus se Bergrede of liefdesgebod. God vertel nie vir ons inhoudelik wat goed en kwaad is nie, maar maak ons nuut deur die Gees van



Christus. Dan volg goeie werke vanself en dit kan van situasie tot situasie verskil. Gereformeerdes voel heeltemal anders hieroor. Reeds sedert die tyd van Calvyn is hulle daarvan verwyt dat hulle te veel Ou-Testamenties is. Dis nie verniet dat ons in die eredienste hoofsaaklik psalms sing nie. Tog is dit die vraag of gereformeerdes in die praktyk op etiese gebied werklik soveel van die Ou Testament gebruik gemaak het. In die eerste plek was dit dikwels beperk tot die geboorte in die Ou Testament. Dan is hulle ook by voorbaat alreeds in drie

Die Christelike lewe bestaan uit geloof en barmhartigheid.

- M Luther

kategorieë ingedeel. Die seremoniële gebooe rondom Israel se eredienste is geskrap; dis nie vir ons bedoel nie. Dieselfde het gegeld vir die burgerlike gebooe wat Israel se volksbestaan gereël het. So het slegs die morele gebooe oorgebly, woorde met God se wil vir altyd en orals. En selfs dit vat ons dan meestal weer saam in die Tien Gebooe. In die praktyk van die Christelike lewe bly dus 'n groot deel van die Ou Testament, ook by baie gereformeerdes, buite beskouing.

Die Ou Testament sê iets oor Wie God is, hoe die nuwe gemeenskap rondom Hom lyk en wat Hy met sy aarde wil.

Ontwikkeling

Dis is inderdaad korrek om 'n Christelike lewe in die eerste plek op die Nuwe Testament te bou. In Mattheüs 28 het Jesus aan sy leerlinge opdrag gegee om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het. Hierby dink Hy aan die Bergrede. Dit is die grondwet van die Koninkryk en dus die basis vir 'n Christelike lewenstyl. Ook is dit korrek om bo alles te beklemtoon dat 'n Christelike lewe gaan oor eenheid met Jesus en navolging van Hom. Hy maak ons tot nuwe mense wat leer dink en voel soos Hy. Daarom staan die saligsprekinge in die Bergrede eerste. Dit is nie maar net 'n lysie pligte nie, maar dit skets die buitelyne van 'n Christelike karakter. Ook Paulus se woorde oor die vrug van die Gees in Galasiërs 5 is dieper gerig as net op ons gedrag. Dit gaan oor nuwe eienskappe.

Maar daarmee word nog nie gesê dat die konkrete inhoud van so 'n Christelike lewe in die Nuwe Testament min of meer oop is nie. Jesus en sy apostels wys ook konkreet aan wat wel en

wat nie pas by so 'n nuwe lewe. En daarby gryp hulle dikwels terug op die Ou Testament. Daaruit ontwikkel hulle die inhoud van 'n Christelike lewenstyl.

Byvoorbeeld in die Bergrede gee Jesus konkrete aanwysings vir 'n Christelike lewe. En telkens laat Hy dit voortkom uit die Ou Testament. So maak Hy sy radikale boodskap oor egbreuk bekend deur iets met die sewende gebod te doen. Sy inhoudelike instruksies ontstaan deur Ou-Testamentiese woorde in die perspektief van God se naderende Koninkryk te stel. Tegelykertyd laat Jesus baie lewensterreine onbespreek. Hy praat oor egbreuk en oor omgang met vyande, maar nie oor die rusdag of oor die verhouding tussen ouers en kinders nie. Vra Hy van ons dus wel konkrete keuses op die gebied van die seksuele etiek, maar kan die res oop bly en spontaan groei? Op hierdie manier sou ons die Bergrede verkeerd verstaan. Hy daag ons juis uit om, as dit kom by ander onderwerpe, soos mondige Christene self ook te doen wat Hy in die Bergrede vir ons wys. 'n Mens vind die inhoud van 'n Christelike lewenstyl wanneer jy op 'n Nuwe-Testamentiese manier te werk gaan met Ou-Testamentiese woorde.

Vermenging

Dit doen die apostels dan ook steeds in hul briewe. Byvoorbeeld Paulus se instruksies vir 'n Christelike lewe in Romeine 12–15 vorm 'n leersame vermenging van al die faktore waarmee jy 'n Christelike lewe konkreet kan maak. Hy skryf oor oorgawe aan God, eenheid met Jesus en die kreatiwiteit van die Gees van God. Hy herhaal regstreeks instruksies uit die onderrig van Jesus, soos byvoorbeeld die liefde vir jou vyande. Ook bring hy die Tien Gebooe na vore. En daarnaas put hy uit ander Ou-Testamentiese gedeeltes, oor die verhouding tussen Israel en die volke of oor mense met

Die weg van God na 'n mensehart is (dikwels) deur 'n mensehart.


- S Gordon

owerheidsgesag.

Ook maak die apostels nie asof daar intussen niks verander het nie. Dit gaan nie oor 'n klakkelose herhaling van die Ou Testament nie, maar hulle bly wel oorvloedig daaruit put. En dis ook geen wonder nie. Slegs die Ou Testament was indertyd hul Bybel. Juis daardie 'hele Skrif' maak die mense van God wys en help hulle om goed te doen (2 Tim 3:16 e v).

God, volk, land

So 'n gebruik van die Ou Testament pas ook by die inhoud daarvan. Die Bybelwetenskaplike Christopher Wright het in die Ou Testament 'n driehoeksverhouding tussen God, die volk Israel en die beloofde land Kanaän ontdek. Alles wat God sê en doen, is aan hierdie driehoek verbonde. Al die wette en instruksies het te make met Wie God is, met sy vorming van Israel en met die beloofde land. Die Ou Testament vertel hoe die lewende God vanuit sy verlossing 'n nuwe lewe skep op 'n stukkie bevryde aarde. So bied Hy 'n model vir die hele skepping. Israel was sy konklike priesterschap tussen die ander volke. Daarvan kon afgelei word Wie God is en wat Hy wil (Ex 19). Die nuwe samelewing rondom God se instruksies moes aandag trek en volke bring tot lof aan hul Skepper. Iets daarvan gebeur wanneer die koningin van Soba vir Salomo besoek (1 Kon 10:9). So het Israel se nuwe samelewing in die driehoeksverhouding tussen God, volk en land 'n tussenstasie gevorm op pad na God se bestemming, die herskepping. Daaruit kan 'n mens merk dat God trou bly aan sy skepping, haar bevry en haar saamneem na sy doel.



So 'n tussenstasie moet nie verabsoluteer word nie. Op baie punte staan ons nog maar aan die begin. Dikwels laat die wet van Moses sien wat anders gaan wees as by die ander volke wanneer Israel die ware God dien. Tog dra God sy volk nie skielik weg uit die wêreld van daardie ander volke nie. Hy maak hulle nie dadelik volmaak nie. Israel se nuwe samelewing was 'n soort toets terwyl God se wêreldwye doel nog ver weg was. Tegelykertyd kan daardie tussenstasie ook nie sonder meer verbygegaan word nie. God se instruksies vir Israel is nie willekeurig of betekenisloos nie. Hulle het almal iets te make met God se gang vanaf skepping na Koninkryk. Hulle sê almal iets oor Wie God is, hoe die nuwe gemeenskap rondom Hom lyk en wat Hy met sy aarde wil. Dit het jy nodig om vandag, 'n ent verder op die spoor, 'n gepaste Christelike lewe te ontwikkel.

Veranderde driehoek

Ons moet verder in gedagte hou dat die drie hoeke van die driehoek intussen verander het. Danksy Jesus ken ons God dieper. Ons vorm nie 'n aardse volksgeheel nie, maar 'n wêreldwye verstrooide gemeenskap. En ons het nog nie ons eie bevryde land nie, maar ons is as pelgrims op pad na die nuwe aarde van die toekoms. Dit moet ons altyd in gedagte hou wanneer ons God se wil uit die Ou Testament probeer ontdek.

Maar wanneer ons dit doen, mag ons onself nie beperk tot slegs die morele voorskrifte of onself net toespits op die Tien Gebooue nie. Die hele Ou Testament vertel hoe God die samelewing in die beloofde land rondom Homself gevorm het. In beginsel help dit dus om gevolgtrekkings vir

Ons is nie verkies omdat ons goed is nie; ons is verkies sodat ons goed sal wees.

- BB Warfield

vandag daaruit te maak. Op watter manier gedeeltes uit die Ou Testament vandag toegepas kan word, is nie altyd by voorbaat duidelik nie. Daarin word die Christelike mondigheid herken. Maar juis hierdie mondigheid vra dan ook dat jy as navolger van Christus vol verwagting uit die Ou Testament put om 'n Christelike lewe konkreet te maak.

Samelewing en geregtigheid

Kom ons illustreer dit met enkele voorbeelde.

Slegs die Ou Testament help ons wanneer dit gaan oor 'n Christelike visie t o v ons omgang met die aarde of die regering en inrigting van 'n samelewing. In die Nuwe Testament was dit nie aktuele kwessies nie. Christene het feitlik geen invloed in die wêreld gehad nie. Hulle was nie meer gerig op die beloofde land nie, maar op die nuwe aarde. Daarom dink hulle wel na oor hul plek in 'n vreemde samelewing, maar hulle gaan nie eintlik in op die vraag hoe so 'n samelewing moet lyk of regeer moet word nie. Later kry Christene die geleentheid om wel invloed daarop uit te oefen. Dan val hulle dadelik terug op die Ou Testament. Want juis die Ou Testament bevat instruksies wat blyk gee daarvan hoe God 'n samelewing sien. Deesdae leef die omgewingvraagstuk baie sterk. Die Nuwe Testament bied ons op hierdie punt hoogstens 'n basiese aanduiding, maar uit die Ou Testament weet ons dat diere vir God waardevol is en dat ons die aarde nie mag uitput nie.

Oor besit en ekonomie leer die Nuwe Testament dat Christene, as pelgrims wat oppad is, besit as relatief moet beskou en indien nodig soms moet prysgee. Daar is egter geen beskouings oor wat byvoorbeeld die beste ekonomiese strukture is nie. Tog word hierdie vraag vir 'n Christen steeds belangriker. In die moderne wêreld vorm ons verseker ook deel van die ratwerk van die

groot ekonomiese stelsel. Juis die Ou Testament bevat wel riglyne daarvoor, bv. oor vrylating van slawe en die kwytstelling van skulde in die jubeljaar. Hoe aktueel dit is, het onlangs geblyk toe 'n Christen-politikus tereg daarop gewys het in verband met die onoplosbare skuldias van Griekeland.

'n Totaal ander punt van belang vir 'n Christelike lewe is die nugter wysheid in die Ou Testament.

Dit kan as volg saamgevat word: sonder die Ou Testament sou die tradisie van die Christelike sosiale denke en Christelike besinning oor politieke verantwoordelikheid en geregtigheid nooit ontwikkel het nie. Dieselfde geld byvoorbeeld ook vir 'n Christelike visie op geweld, op straf en op oorlog en vrede. Nog altyd was sulke 'aardse' toepassings van God se Woord kenmerkend van gereformeerdes. Dit het te doen met 'n waardering vir die 'aardse' Ou Testament.

Wysheid en realisme

'n Totaal ander punt van belang vir 'n Christelike lewe is die nugter wysheid in die Ou Testament. Veral boeke soos Spreuke en Prediker laat ons goed verstaan dat 'n mens, om te weet wat goed en wat kwaad is, doodgewoon jou oë moet oophou en na die werklikheid om jou moet kyk. Dit is nie so dat 'n mens alles op een of ander manier uit die Bybel moet aflei nie. As jy mooi rondom jou kyk, in die eenheid met Christus en deur die bril van die Woord van God, sien jy baie dinge wat jou sal help om konkreet tussen goed en kwaad te kies. 'n Groot deel van 'n Christelike lewe gaan oor praktiese wysheid.

Daarby pas ook 'n sekere realisme. Jesus se Nuwe-Testamentiese boodskap is diep en

Die probleem van die oorsprong en doel van die lewe het die filosoof en die wetenskaplike ontgrip, maar die eenvoudigste navolger van Christus ken beide se antwoord.

radikaal. Tog is dit nie bedoel as 'n abstrakte ideaal nie, maar om konkreet en prakties aan die werk te spring. Soms moet daar klein begin word en gaan 'n mens slegs met klein treetjies vorentoe. Soms gebeur dit dat die kwaad voorlopig nie wil wyk nie. Juis die Ou Testament help dan om ook in onvolmaakte situasies die mees verantwoordelike pad te vind. Ons kan hier dink aan die manier waarop Moses egskeiding voorlopig verdra het maar tegelykertyd beperk het.

Fees en advent

'n Laaste voorbeeld raak die feeskalender vir God se Ou-Testamentiese samelewing. Dis duidelik dat God wil hê dat mense sy werke saam vier, en wel op so 'n manier dat dit aansluit by die ritme van die seisoene in die beloofde land. Op hierdie feeste mog almal deel in God se seën, veral swakkes en vreemdelinge. Word

hierdie tussenstasie verwerk vir vandag, kan 'n mens nie sê dat sulke feeste maar net seremoniële voorskrifte was waaraan Christene nie meer gebind is nie. 'n Mens proe daarin juis iets van God se bedoelings vir die mensdom en die aarde. Teken Openbaring 7 die Koninkryk van God nie as 'n ewige Loofhuttefees nie?

Daarom pas dit by 'n Christelike lewenstyl om selfstandig 'n nuwe vorm daaraan te gee. Gelukkig is daar in die vroeë kerk 'n Sondag asook Christelike feesdae ingestel. God se nuwe werke in Christus is gevier en verbind aan die ritme van die lydende skepping en aan die liefde vir swakkes en ander naastes. Dit leef slegs in 'n mens se gedagtes as dit vir jou normaal is om vir 'n Christelike lewe ook uit die Ou Testament te put. Alleen danksy die Ou Testament is dit dus ook nou weer Advent – die verwagting van die koms van Christus.

Die een reaksie wat daar nooit in die kerk mag wees nie, is onverskilligheid.